# Laerskool KENRIDGE Primary School

Graad-5 Akademiese Tuisonderrigprogram: 8ste Oplaai (8 Junie)

**Let asseblief op dat ons nie verwag dat die PDF-dokumente gedruk moet word nie. Dokumente kan vanaf ‘n toestel gebruikword.**


| Vak en Bronne | MAANDAG |
|---|---|
| **AFRIKAANS HUISTAAL (HT)**<br>Platinum HB<br>Klaswerkboek | **Taal**<br>Werk met woorde HB bl. 86<br>Kyk na die volgende verduideliking oor voorsetsels en vergelykings. KLIK HIER.<br>Voltooi nr.1-4 in jou Afr. Klaswerkboek. Skryf die sinnetjies netjies uit en voeg die antwoorde met kleur in. Onthou om eers ‘n raampie te trek voor jy begin. Werk netjies en nommer jou werk in die kantlyn. Gebruik die volgende opskrif:<br>____ Mei 2020<br>Werk met woorde bl.86 |
| **ENGLISH FIRST ADDITIONAL LANGUAGE (FAL)**<br>Rainbow Book | **p.124 – Flow diagram (45 – 60min, stretching over Monday and Tuesday)**<br>This will take place over Monday and Tuesday. Use the information on p124 to create a flow diagram, showing all the steps of how to make a "porcupine sandwich." Replace step 6 with: Enjoy eating the sandwich!<br>This should be done on an A4 page in your English workbook (Algemene / Studie). You may turn the page portrait or landscape. Work neatly and make sure that the flow diagram has the following:<br>• Heading & Date (Think of your own heading)<br>• 6 steps<br>• Each step has a neat, colourful drawing<br>• Each step has its description next to / below / above it.<br>• Use arrows to show the progress of steps.<br>• Remember that the last step will **not** have an arrow pointing back to the first. |
| **WISKUNDE**<br>Wiskunde boekie<br>YouTube | **Breuke**<br>1. Hoofreken - oefen jou tafels<br>2. Voltooi bl.6 in jou Wiskunde boekie. KLIK HIER vir die verduideliking. |
| **NW** | |
| **GESKIEDENIS**<br>Youtube<br>Werkboek bl. 24 | • Julle moes verlede week die paragraaf op bl. 76 lees en \`n paar vrae in julle Studieboek/ Opsommingsboek beantwoord.<br>• KLIK HIER vir \`n verduideliking van bladsy 76 en 77 in jou Handboek as ook bladsy 24 en 25 in jou Werkboek. Maak seker dat jy jou fineliner by jou het, want ons gaan \`n paar byskrifte vir die prentjies op bladsy 24 en 25 van jou Werkboek, skryf. |

| | |
|---|---|
| **AARDRYKSKUNDE** | |
| **TEGNOLOGIE** | |
| **LEWENSVAARDIGHEDE** | |

# Laerskool KENRIDGE Primary School

Graad-5 Akademiese Tuisonderrigprogram: 8ste Oplaai (8 Junie)

**Let asseblief op dat ons nie verwag dat die PDF-dokumente gedruk moet word nie. Dokumente kan vanaf 'n toestel gebruikword.**

| **Vak en Bronne** | **DINSDAG** |
|---|---|
| **AFRIKAANS HUISTAAL (HT)**<br>Platinum HB<br>Klaswerkboek | **Taal**<br>Lees deur Taalfokus 1 (Spreekwoorde en idiome) op bl.87 in jou HB. Weet wat die verskil tussen letterlike en figuurlike betekenis is. Kyk na die verduideliking. KLIK HIER. Kan jy aan 'n paar ander voorbeelde vir elk dink? Ons gaan nou die **6 idiome** in ons Afr. Klaswerkboek teken. Doen presies dieselfde soos in die voorbeeld, maar jy kan jou eie prentjies teken:<br><br>___ Mei 2020<br>Idiome HB bl. 87<br>Elke huis het sy kruis. (Almal het maar probleme.)<br>Die gogga het jou gebyt. (Jy is baie entoesiasties oor iets.)<br>Die appel val nie ver van die boom af nie. ('n Kind aard gewoonlik na sy ouers.)<br>Vele hand, ligte werk. (As almal saam werk, word die werk gou gedoen.)<br>Hoe meer siele, hoe meer vreugde. (Hoe meer mense saam kuier, hoe lekkerder is dit.)<br>Die aap uit die mou laat. ('n Geheim oorvertel.) |
| **ENGLISH FIRST ADDITIONAL LANGUAGE (FAL)**<br>Rainbow Book | Finish off your flow diagram of the porcupine sandwich. |

<table>
<tr><td><u>WISKUNDE</u><br>Wiskunde boekie<br>YouTube<br>Hoofreken boekie</td><td>Breuke<br>1. Ekwivalente Breuke - Voltooi bl.7A in jou Wiskunde boekie. <u>KLIK HIER</u> vir die verduideliking.<br>2. Ekwivalente Breuke - Voltooi bl.23 in jou Hoofreken boekie.</td></tr>
<tr><td><u>NW</u></td><td></td></tr>
<tr><td><u>GESKIEDENIS</u><br>Handboek bl. 78 en 79<br>Werkboek bl. 28</td><td>• Lees die inligting oor POTTEBAKKERY op bladsy 78 en 79 van jou Handboek.<br>• Maak jou Werkboek op bl. 28 oop, trek `n kantlyn en skryf dan die datum en die opskrif (Pottebakkery bl. 78 en 79)<br>• Voltooi die nota hieronder in netjiese kursief in jou boek.<br><br>Datum<br>Pottebakkery bl. 78-79<br><hr>1. Om <u>potte</u> te maak was die werk van die <u>vrouens</u>.<br>2. Hulle het potte uit <u>klei</u> gemaak en soms <u>houtskool</u> en <u>as</u> bygevoeg.<br>3. Hulle het die potte in <u>vuur gebak</u> om dit <u>sterker</u> te maak.<br>4. Die <u>vorm</u> van die pot het die <u>gebruik</u> aangedui. Hulle het potte gebruik om water te dra, kos te kook, graan in te stoor en om uit te eet en te drink.<br>5. Pottebakkerswerk is ook in <u>seremonies</u> gebruik.<br><br><u>Klaskameraktiwiteit 4.8 bl. 79</u><br>1. a) Daar is <u>7 Lydenburg-koppe</u>.<br>b) Lydenburg is in <u>Mpumalanga</u>.<br>2. a) Die koppe is heel moontlik in <u>inisiasie-seremonies</u> gebruik.<br>b) Geskiedkundiges het met die <u>afstammelinge</u> van die mense oor die koppe gesels.<br>c) Na `n inisiasie-seremonie is die koppe <u>stukkend gebreek</u> en in die grond <u>begrawe</u>. Hulle het geglo dat dit ongelukkig was om hierdie soort pottebakkerswerk te hou nadat die seremonie verby is.</td></tr>
<tr><td><u>AARDRYKSKUNDE</u><br>Werkboek bl. 24<br>memo</td><td><u>Woordelys: Fisiese Eienskappe</u><br><br>• Maak jou Werkboek op bl. 24 oop. Skryf die datum in die linkerhoek.<br>• Pas die woorde hieronder by die korrekte beskrywing op bladsy 24.<br>• Skryf die woord in netjiese drukskrif in die regte blokkie op bladsy 24.<br><br>vallei riviere Hoëveld kaap baai kusvlakte plato<br>riviermonding oorsprong heuwels platorand<br>Namakwaland opvangsgebied kuslyn takrivier</td></tr>
</table>

| | |
|---|---|
| | • Gebruik die memo in die memo-leêr om jou werk te merk. Indien jy iets verkeerd het, moet jy `n verbetering doen.<br>• Skryf die verbetering met `n kleurpotlood. |
| **TEGNOLOGIE** | |
| **LEWENSVAARDIGHEDE** | |

# Laerskool KENRIDGE Primary School

Graad-5 Akademiese Tuisonderrigprogram: 8ste Oplaai (8 Junie)

**Let asseblief op dat ons nie verwag dat die PDF-dokumente gedruk moet word nie. Dokumente kan vanaf 'n toestel gebruikword.**

| **Vak en Bronne** | **WOENSDAG** |
|---|---|
| **AFRIKAANS HUISTAAL (HT)**<br>Platinum HB<br>Lyntjiespapier | **Hersiening:**<br>HB bl.90<br>Voltooi nr. 1, 2, 3, 4, 5, 8 op 'n lyntjiespapier en plaas dit in jou algemene leêr.<br>Kyk na die MEMO bespreking wanneer jy klaar is. KLIK HIER. |
| **ENGLISH FIRST ADDITIONAL LANGUAGE (FAL)**<br>Platinum Textbook, English First Additional Language. | **Informal Assessment, Comprehension (30min):**<br>**Platinum Textbook**, p58 -60. Read the story on toys and games and answer the questions. This can be done on lined paper. Your heading should be **Toys and Games Comprehension**, with the **date,** of course. You may use a dictionary, but you should do all the work yourself, without any help from anybody. Take a photo or scan the work and email it to your FAL teacher.<br>This task must be completed and mailed to your teacher no later than Monday 14 June, 10:00. If you are unable to do so, please contact your FAL teacher. |
| **WISKUNDE**<br>Wiskunde boekie<br>YouTube | **Breuke**<br>1. Vergelyk Breuke - KLIK HIER om deur die nota en die metode in jou Wiskunde boekie te gaan.<br>2. Voltooi bl.10 in jou Wiskunde boekie. KLIK HIER om saam deur die eerste 4 voorbeelde te gaan. |
| **NW** | |
| **GESKIEDENIS**<br>Handboek bl. 80 | Lees die kort paragraaf oor HANDEL op bladsy 80 van jou handboek. |
| **AARDRYKSKUNDE**<br>Handboek bl. 57 | • Maak jou Handboek op bl. 57 oop. |


| | |
|---|---|
| Werkboek bl. 25<br>Memo | • Maak jou Werkboek op bl. 25 oop. Trek `n kantlyn as jy dit nog nie gedoen het nie. Skryf die datum en die opskrif (Klaskameraktiwiteit 3.8 bl.57)<br><br>• Maak gebruik van die kaart om die tabel by nommer 1 te voltooi. Trek die lyntjies met jou liniaal.<br>• Skryf dan die volgende antwoord vir nommer 2:<br>2. Die riviere is `n bron van varswater vir die mense wat in die stede woon. Die grond is vrugbaar en dus goed om gewasse te kweek. Die rivier kan gebruik word vir vervoer en om handel te dryf.<br><br>• Gebruik die memo in die memo-leêr om jy werk te merk. |
| **TEGNOLOGIE** | |
| **LEWENSVAARDIGHEDE** | LO – volg die plan in die “memo folder”. |

# Laerskool KENRIDGE Primary School

Graad-5 Akademiese Tuisonderrigprogram: 8ste Oplaai (8 Junie)

**Let asseblief op dat ons nie verwag dat die PDF-dokumente gedruk moet word nie. Dokumente kan vanaf ‘n toestel gebruikword.**

| **Vak en Bronne** | **DONDERDAG** |
|---|---|
| **AFRIKAANS HUISTAAL (HT)**<br>Platinum HB<br>Lyntjiespapier | **Skryf ‘n gediggie (beplanning en rofwerk)**<br>Lees weer deur die kenmerke van ‘n gedig op bl. 73 in jou HB. Kyk weer na die videoles oor gediggies.<br>KLIK HIER.<br>Doen die volgende op ‘n lyntjiespapier en plaas dit in jou algemene leêr:<br><br>Beplanning:<br>• Kies enige dier of insek (iets waarvan jy baie hou of iets waarvan jy niks hou nie soos bv. ‘n muskiet)<br>• Dink aan rymwoorde wat jou dier/insek beskryf en skryf dit neer.<br>• Gebruik die voorbeeld as ‘n riglyn: |

<table>
<tr>
<td></td>
<td>

<u>Skryf nou jou gediggie (rofwerk). Jou gediggie moet:</u><br>
• uit 3 strofes van 4 versreëls elk bestaan<br>
• rymwoorde bevat<br>
• Onthou: Jou versreëls moenie te lank wees nie.<br>
• Gee ‘n titel vir jou gedig gevolg deur wie dit geskryf is (jou naam en van) onderaan die titel,<br>
bv: Oom Muskiet<br>
Deur Pietie Koekemoer<br>
• Vra vir mamma of pappa om saam met jou deur jou gediggie te gaan. Maak enige spel-, leesteken-, of taalfoute met blou kleurpotlood reg.</td>
</tr>
<tr>
<td><u>ENGLISH FIRST ADDITIONAL LANGUAGE (FAL)</u><br>Rainbow book</td>
<td><u>p.126 – Writing a recipe (40-50min, stretching over Thursday and Friday)</u><br>
Think of a simple recipe. It should not be something too complicated. Perhaps something like baking cookies, making a simple meal or even a toasted cheese sandwich. Draw and colour a picture of what you have made in your neat copy.<br>
1. Do your <u>rough work first</u>, in your Rainbow book on p126. (if you think you’ll need more space, then do it in your workbook)<br>
2. Once you have done so, ask someone to check it for you.<br>
3. Do your <u>neat work</u> on an A4 page in your English workbook. (Or Algemene / Studie if you don't have it).<br>
4. Do your drawing on the same page as your neat work.<br>
<br>
Be sure to have the following:<br>
• Heading – Recipe for …<br>
• What I need (Ingredients)<br>
• What I must do (Steps)<br>
• Steps should be numbered.<br>
• Illustrate (draw) a colourful picture to round off your work (only needed for your neat)<br>
<br>
You <u>may use your dictionary</u> and <u>should get someone to proofread</u> (check) your rough copy.</td>
</tr>
</table>

| | |
|---|---|
| **WISKUNDE**<br>Hoofreken boekie<br>Wiskunde boekie<br>YouTube | **Breuke**<br>1. Hoofreken - bl.24 in jou Hoofreken boekie.<br>2. Voltooi bl.11 in jou Wiskunde boekie. KLIK HIER om saam deur die eerste 4 voorbeelde te gaan. |
| **NW**<br>WERKBOEK | EKSPERIMENT – BL. 34 EN 35 IN WB<br>• Indien jy wil kan jy die eksperiment self ook by die huis doen, andersins gebruik die data wat ons saam versamel op die video.<br>• Beantwoord die vrae oor die eksperiment op **bl.34 en 36 in jou WB.**<br>• ONTHOU, ons skryf losskrif in 'n tabel.<br><br>**KLIK OP DIE VOLGENDE VIR DIE VIDEO EN EKSPERIMENT** |
| **GESKIEDENIS** | |
| **AARDRYKSKUNDE** | |
| **TEGNOLOGIE** | |
| **LEWENSVAARDIGHEDE** | |

# Laerskool KENRIDGE Primary School

Graad-5 Akademiese Tuisonderrigprogram: 8ste Oplaai (8 Junie)

| Let asseblief op dat ons nie verwag dat die PDF-dokumente gedruk moet word nie. Dokumente kan vanaf 'n toestel gebruikword. | |
|---|---|
| **Vak en Bronne** | **VRYDAG** |
| **AFRIKAANS HUISTAAL (HT)**<br>Klaswerkboek | **Skryf 'n gediggie (finale weergawe)**<br>Skryf nou jou gediggie netjies in jou Afr. Klaswerkboek oor. Teken 'n prentjie van jou dier/insek langsaan of onderaan jou gediggie om dit netjies af te rond. Gebruik die volgende opskrif:<br>____ Mei 2020<br>Skryf 'n gedig |

| | |
|---|---|
| **ENGLISH FIRST ADDITIONAL LANGUAGE (FAL)**<br>Rainbow Book | Complete your recipe. |
| **WISKUNDE**<br>Wiskunde boekie<br>Hoofreken boekie<br>YouTube | **Breuke**<br>1. Eenvoudigste vorm - KLIK HIER vir die verduideliking.<br>2. Voltooi bl.7B in jou Wiskunde boekie. KLIK HIER om saam deur 'n paar voorbeelde te gaan.<br>3. Hoofreken - bl.25 in jou Hoofreken boekie. |
| **NW** | |
| **GESKIEDENIS** | |
| **AARDRYKSKUNDE** | |
| **TEGNOLOGIE** | Sien pdf in "memo folder" |
| **LEWENSVAARDIGHEDE** | |